MGD het 'rimpels gemaak' in afgelope vier dekades

Soos 'n klippie rimpels in 'n poel maak, het Matie Gemeenskapsdiens (MGD) in die afgelope vier dekades verandering gebring in die studentegemeenskap, onder Universiteitspersoneel en in die gemeenskappe wat deur MGD bedien word.

Só het MGD se direkteur, Joan Mödinger, vroeër vanjaar gesê by die organisasie se 40 jarige viering en hulde gebring aan die groepie geneeskundestudente wie se inisiatief in 1964 gelei het tot Uskor (die voorloper van MGD) se stigting en die eerste Matie-karnaval.

Sowat 1 000 Maties van die Tygerberg-kampus en ongeveer 70 dosente is steeds by weeklikse uitreikwerk betrokke en wat deel vorm van hul akademiese werk en kredietstelsel.

Mödinger het ook hulde gebring aan die pesoneel en studente se werk op Stellenbosch, veral die Geletterdheidsprojek, Khanyisa Saterdagskool, entrepreneurskap vir volwassenes en jeugentrepreneurskap.

Sy meen die waardes waarvoor Uskor/MGD van 1964 af al gestaan het, het in 1994 amptelik erkenning gekry – waardes soos om alle mense se waardigheid en gelykheid te erken en te respekteer; om deursigtigheid en inklusiwiteit na te volg; om aan almal die geleentheid tot holistiese bemagtiging te gee; en dat elkeen as trotse Suid-Afrikaner kan leef, as 'n bate vir ander mense. "Ubuntu, 'n mens is 'n mens deur ander mense, wat van die begin af 'n dryfkrag agter alle MGD-uitreike was," het 'n slagspreuk geword.

Mödinger glo daar wag 'n uitdagende en opwindende tyd vir die MGD. Die Gemeenskapsinteraksie-beleid gaan MGD-programme nog nader aan akademiese fakulteite trek. En sy verwag nouer samewerking by Tygerberg Ukwanda en op Stellenbosch met die relevante akademiese departemente.

Prof Russel Botman, Viserektor: Onderrig, wat die geleentheidspreker was, het gesê dat die verband tussen die akademie en gemeenskapsinteraksie in die hoër onderwys al belangriker gaan word.

"Gemeenskapsinteraksie en insette uit hierdie omgewing sal deurslaggewend wees in die verwagting dat die Universiteit se akademiese program - Leer en Onderrig sowel as Navorsing - responsief sal wees t.o.v. sosiale toestande."

Hoe die Universiteit aan die nasionale transformasie-doelwitte voldoen, gaan ook gemeet word met die komende gehalteversekeringsoudit wat in Oktober volgende jaar by die US gedoen word. "Die betrokkenheid van gemeenskapsinteraksie by die oudit het direk te doen met die erkenning dat dié interaksie 'n belangrike bewysvoering is van 'n instelling se nakoming van transformasiedoelwitte."

- *Vir meer inligting oor die MGD, skakel Joan Mödinger by (021) 808 3639, e-pos jmodingr@sun.ac.za of besoek die webblad by www.sun.ac.za/mgd*